

1930

1 Januarie.

Kerk en Picknick

Die Nuwe Jaars Diens was vanmôre op Ventershoek, deur 'n aansienlike aantal mense bygewoon. Die meeste Salamanca mense was egter weg op 'n Picknick op die See kus, ~~na~~ Na die Diens het ons ons vergas op Asado, slaai, brood, en 'n groot "Pudding". Ons kon vanmôre hier al lekker kersies eet.

Melville.

2 Januarie.

By Br. Biggs.

Die inkeer tot die Here van ou Br. Melville vanmiddag, as eersteling in hierdie nuwe jaar, is oorsaak van groot dankbaarheid. Vandag is ons vir die eerste maal op die plaas van ou Br. Biggs. Dit's mooi geleë, onder die hoë Pampa, in gesig van die see. Die Boereplase aan die see kus is darem maar die mooiste, en meestal die bes bewerkte van die hele Boere Kolonie!

Jan. 1930.

Boei Kersies.

Pos.

Weer thuis! Ons het gister 'n besoekie gebring aan die familie Künael (Duitsers met Afrikaner Dame getroud), en het ons oë verlustig aan hulle pragtige netjiese tuine. Die kersie bome daar moes 'n fraai gesig gewees het toe hulle in volle drag was; daar is nou nog tamlik baie kersies, en ons het 'n kersie van sowat 40 lbs. gekoop. Dit was darem maar aangenaam om weer in ons eie swaer nessie terug te wees, en viral om al die lekker briewe van lewende ou S. Afrika te kry.

1900.

Maandag 6 Jan. Vandag was dit weer die groot Argentynse Feesdag herinnering aan die besoek van die Wyse Manne (Koning

Argentynse idee

van Kers geskenke.

woord hul hier genaem) uit die Coste aan die kind ja

Vandag is dit hulle dag van presentte gee aan die kinders, en nie op Kersfees nie soos by ons. Dit is nogal 'n mooi en pastlike idee!

Ons kry vanaand die tyding dat ou Tant' Jaaljie Grobler op Nuwe Jaarsdag oorlede is!

Donderdag 9 Jan. 'n Onaangenaem warm dag! As dit hier warm word na al die koue van winter en somer, dan bak die son, en die warm stof kleef vas!

Warmte.

Laaste bedryf in die Florusse kreur-spel! Die laaste paar daë had ons ook iets te doen om die familie Florusse, Geref. Onderwyser van Pampa Pelada, te help om weg te kom Holland toe. Die toestand het vir hulle feitlik onhoudbaar geword; die skool het weer dood-geloop; sy salaris is lang reeds agterstallig (- hul skuld nou nog, soos hy sê, \$1600- aan hom!); en sy eie manne het heeltemal teen hom gedraai! Hy het wel sy foute ook gemaak; maar dit gaat eenvoudig ons begrip te bowe hoe die Leidshede van sy Kerk, wat hulself soveel heiliger

beskou as ander Kerke, hom en sy familie in so'n toestand van ellende, gebrek, en selfs gevaar van hongerskon laat versink; en hoe hulle dit kon regkry om hul eie Kerk in Afrika só in die duister te hou omtrent die ware toedrag van sake hier. Dit is vir my een van die pynlikste en lelikste gebeurtenisse, wat ek nog op Kerklik gebied teëgekrom het! Was dit nie vir die betating van sy blote passaat deur vriende of familie uit Holland, en vir vrywillige bydraes van 'n klompie van ons hier en van die Christelike Vroue Vereniging, dan kon hy en sy familie onmoontlik wegkom na Holland! Wie weet hoeveel of hoe ernstige foute hy ook van sy kant gemaak het; maar dit kan eenvoudig die absoluut onchristelike handelwyse van sy prinsipale teenoor hom en sy gesin nie vir één oomblik regverdig nie. Die hele affêre was van begin af verkeerd aangelê; daar was nie eers padlangs gehandel nie; dit was 'n openlike opposisie plan om ons in ons Onderwys planne te dwarsboom; en - - - - - daar is die end van so'n handelwyse!

1930.

Eerste Waterlemaen. Vanaand het ons vir die eerste maal hier Waterlemaen geëet nogal 'n taamlake soete, maar 'n bietjie verley, omdat dit natuurlik van ver af kom. Thiens Visser en sy vrou, en ou Mr Conradie het ook ek 'n skyfie daaraan vanaand hier geniet.

Saterdag 11 Jan. Baie sterk winde het van gister oggend af gewaai, tot laat vanmiddag. Vanaand was vriend Calitz weer hier vir die eerste maal in 'n lang tyd. Hy het my \$5⁰⁰/₁₀₀ terugbetaal, wat ek as boete vir hom voorgeskiet het 2 maande gelede in die Polisie Kantoor toe hy in die Tronk was vir rusie op straat. Dit was my 'n aangename verrassing!

Die Geref. Ouderling en ek gesels. Ek had 'n heel aangename besoek van Jan van Norden vanmiddag. Doel van sy besoek was eintlik om te weet of sekere Geref. kinders nou na my Sondagsskool, dan of hul na syne sal gaan. Dit blyk dat sy Sondagsskool (Gereformeerde) nou so uitgedun is weens verhuising van enige Geref. gesinne en persone, dat as die paar nuwe Geref. leerlinge vir die C.N.O. Skool, wat nou Dorpbe gekom het, nie sy Sondagsskool bywoon nie, dit dan feitlik vir hom nodeloos sal wees om aan te gaan met daardie werk.

1930.

et's Sondag 12 Jan.

Hitte, hoofpyn, en
vlieë.

Vandag was die luggie redelik koel — tog is die warmte nog afmattens
Estelle lyk so pap vandag, en klaë oor hoofpyn — waar-
skynlik weens die hitte van die laaste paar daë, en die feit
dat ons die huis taamliek goed moes dij hou om die instro-
mende vlieë swerms uit te sluit, en toe boënop
nog ook baie "Komo" moes spuit hierbinne, om die vlieë,
wat reeds binne was, dood te maak.

Arme ou Melvill —
die gedwonge g.a.s.

Vamiddag kom ou Mr Melvill onverwags hier aan; ons
het hom 'n kansie gegee om te verkeer in Estelle haar
kamer, om die namiddag diens te kan bywoon. Maar
aangesien Lulu onmoontlik vir hom nou kan herberg en
persoonlik sorg, het ek hom vandand na 'n Hotel
geneem, waar hy dan op my koste sal looses tot
more toe. 'n Moeilike geval om mee te handel.
Dit skyn asof niemand die arme ou man meer wil he-
rie. Hy het homself ook reeds so verwaarloos, dat
daar seker rede vir vrees is by vele om hom ⁱⁿte
neem. Maar ons sal moet 'n uitweg vind om hom
op sy ou daë, en in sy hulplose toestand te
versorg.

Woensdag 15 Jan. M^{nr} Koot Eloff en ek sukkel nou al 3 daë om ou M^{nr} Melvill
weg te kry na Buenos Aires met 'n Olie Skip. Het die ou
Melvill slaap, en Br. nie gister oggend so laat geslaap nie, dan kan hy
ons sukkel !! reeds gister om 11 uur vertrek het. Nou is dit dag
vir dag 'n rit na Kilometer 3 — en ons het nog nie
sy kaartjie nie. More oggend sal ons dit dan glo kry.
Intussen het ek al aan die Heilsleër in B^a. Aires geskrywe
dat ons hom stuur na hulle Institute. Hy is gelukkig
gewillig om te gaan, en hulle sal seker vir hom kan
inneem.

Piekniek op "Playa". Die klein Piekniek wat ons gesin gister nm. laat
op die seekus gehou het was baie aangenaam. Tog ge-
lukkig dat ons Suid van die Dorp so 'n lang mooi sand
strand het — 'n ware reisiebaan vir motors. Mensse
baai nogal in die see!

Maria het eergister (Maandag) opgedaag; nou het Lulu weer
'n bietjie hulp met sommige werkies. Haar broer Francisco
is lano hier opgeskeep met sy tyd, wagende op 'n Skip om te ver-
trek na Puerto Madryn, en Rawson vir Militêre Diens.

Ons had vanaand meer mense as gewoonlik in ons Biduur.

1930.

Bruin bruin-brood.

Vandag is ons eerste eie Bruin Brood gebak. Dit het pragtig gekom, en smaak heerlik! Die Deeg-Note wat Lulu vanmore gemaak het is ook besonder lekker.

Ons sien dat die Boere se Trek Planne al in sommige Afrikaanse Koerante gepubliseer is. Daar is gerugtes van ontevredenheid hiervoer by die Argentynse Otoriteite — maar of dit waar is weet ons nog nie.

Vrydag, 17 Jan.

(Troudag!)

Ons het al
rond getrek!

Dit's 14 jaar dat ons getroud is! Hoe het die tyd omgevlieg! En wat 'n taamlike verskeidenheid van ondervinding en woonplek het ons in daardie tyd ondervind, van die eerste woningkie in die skildersagtige Mostertsdrift deel van die "Eikestad van Vader van der Stel" — na die weeg skuilende van rotte bewoonde plank huisie op lieflike Gordons Baai, en toe na die bakoord van 'n gehuurde Swawelnessie op Keimoes in die blakend warm vallei van ou Groot Rivier, en weer chuid en Cooswaarts na die ou groot koel dikmurige Pastorie op ons liepise boomryke Karo dorpie Pearston, en eindelik dwars oor die Atlantiese see na hierdie beknopte studeer-kamerlose Spaanse huurhuisie in die kael vaal boomlose Argentynse dorpie op die storm verwaide Patagoniese kus aan die voet van die met skraal peperkorrelagtige bossies be-

dekte modder heuwel! "Where next?"

M^{nr} Melvill
vertrek.

So is on M^{nr} Melvill dan vanmiddag weg met die
die boot: "12 de Octubre" na Buenos Aires — seker
vir goed! Hy hoop dit is sy eerste stap op die
terugtog na Suid Afrika; mog hy sy vurige wens
verky. Vier en twintig jaar gelede het hy as gesonde
man van 41jarige ouderdom in Patagonië aangeland.
Vandag vertrek hy, afgeleefd vóór sy tyd, swak, gebroke,
brand arm! O! die verlore jare! O! die verwoestende
Drank!! — Mog die Here hom in sy laaste jare deur
middel van die Heilskeër se organisasie nog tot nut van
sy Koninkryk gebruik.

Saterdag 18 Jan. Jammer dat Lulu verkoué het. Miskien van die heerlike
uitstappie wat ons nou die aand had op die "Playa"
(lang sand strand) besuide van die Dorp, waar ons
die aand ete geniet het, en Lulu saam met die
kinders in die water rondgestoep het.

Aangename Uitstap Ons besoekie aan die Voster, Cleland, en de Boer
families vandag was heel aangenaam. Ek vrees net
dat dit maar alte waar is dat die Skotse seens harder

pie na Wyk 38.

1930.

werk, (en... .. meer besittinge het om te wys van hul arbeid!) as die meeste Boere seuns. Jammer, vir ons kant altans! Ons het Benjamin Cook (wat nie thuis was nie) se oorlaaide "Gooseberry" laninkies geadmireer met oog en mond!!

~~Sondag~~

Sondag 19 Jan. Biskop Every se jaarlikse Diens in ons Kerk vanore was bepaald deur baie meer Engelse mense bygewoon, as verledede jaar. Soe! maar dit was warm in

die Kerk vandag! Gelukkig het die klomp Spaanse

Hinderlike Spaanse seuns nie weer vanmiddag só erg voetbal gespeel op kinders op Kerk die Kerk grond onder Sondagskool tyt nie, dat die grond. bal met doem! doem! bokepringe op en oor die Kerk^{se} dak boms nie tot steurnis van ons Klasse, soos die geval die laaste paar Sondaë was nie. Nee — vandag het hulle op 'n ander oop erf, regoor die Kerk aan die oorkant van die straat gespeel, en na die spel stil kom staan en staar met ellenboë leunende op die Kerk se oop rooie venster banke, terwyl ons die paar slot lidere van die Sondagskool sing. Dalk word hulle nog eendag beskryf!

1950.

Maar teen die tyd dat hulle beskaafd is, hoedanig sal daardie jong eg Afrikaner seuns en dogters wees, van wie ons vanaand die absolute vertroubare berig kry dat hulle op hierdie selfde heilige Sabbatdag ure lank gedans het met Spanjaarde, en wie weet watter soorte, in hul Vader en Moeder se woning op die plaas teen aansien van en met toestemming van daardie selfde Vader en Moeder? Nee! ons mense moet maar probeer terug trek na Suid Afrika - hoe eerder hoe beter!!

Woensdag 22 Jan. Ons Biduur vanaand was 'n besondere byeenkoms omdat ons daar verskeie jong Afrikaners had wat môre vroeg vertrek vir die jaarlank Militêre Oefening van Argentinië. Ek het hulle spesiaal toegesprek. Die laaste paar daë was hulle seker meer dikwels in die Pastore, as op enige ander plek. Ons voel ~~so~~ jammer vir Morgan Norval - 'n bietjie abnormaal, en baie senuweagtig. Hy het spesiaal gevra dat "Oom Dominie" tog vir hulle 'n Gododienstie moet hou! Maar ag, hul ~~speer~~ daren te veel die gek met die arme seun. Twee van hulle het Bybeltyes by my verdien deur die motor te was en skoon te maak.

Afrikaans-Spaanse
Sabbats Dans.

Morgan - die uit-
sondering.

ndag 26 Jan.

Betreklik klein opkoms-oir Nagmaal vandag gewees. Die Kerk-
raads vergadering gister was redelik goed — maar die na-ver-
gadering gisteraand tot half twaalf, was besig met 'n baie moeilike
kwaads Moeilik. kwessie, komende uit sekere brief re' salarisverhoging van die
Kassier. Die tyd is kritiek — die geldelike toestand traglik;
en sulke moeilikhede boenop veroorsaak ergernis, wantroue,
kummer, slapelose nagte, en kortom alles wat 'n Nagmaal
stemming kan verbreek! En toe het die mees laakbare brief
nog nie eens kon ~~het~~ gelees of behandel word nie, aangesien
dit alreeds so laat geword het — miskien ook beter so!

Vandag le Maria siek in die bed — waarskynlik Griep. Lulu
het haar hande 'n bietjie vol gehad.

sdag 28 Jan.

Lulu en Estelle is gelukkig nog gesond; maar gister en
vandag sukkel ek weer met seer keel. Dit woel net
hier by en langs ons soos ons nuwe Huisbaas laat repareer,
en soos die nuwe huurders intrek. Ons hoor dat dit
die nuwe Kommissaris van Polisie is, wat in die huis naas
aan ons kom woon. Wie dit is wat regoor ons ingetrek
het, in die berugte ou Pastorie wat reeds tweemaal al
opgeblaas was, weet ons nog nie.

se Bure.

1930.

Afrikaners en
Militêre Diens.

Vandag het 4 van die 6 Afrikaner seuns, wat vir Militêre Diens na Puerto Madryn gegaan het terug gekom — die een meer kapot as die ander. Hul het glo elke dag op die camion moes ry, uiters min slaap gekry, ens. Arme seuns! Weber het half siek hier weggegaan — glo ook 'n ligte aanval van Griep. Hy vertel my dat die Argentynse Offisiere se die meeste Afrikaner seuns is te klein en swakkerig! Dit maak 'n mens seer om so 'n opinie te hoor; maar dit het juis by geval so gekom dat die meeste van hierdie half dosyn maar tengerig is. Hul weier ook om Waalse en Cordillera Indiane te

Morgan Norval

neem in die Defen Kamppe. Morgan Norval

se besondere geval.

vertel my dat hulle teen hom geen ~~few~~ beswaar had nie, as net dat hy nie eens met sy lace voete trap nie; maar wat dit met sy geskiktheid vir Militêre Diens te doen het is nie duidelik nie — miskien vrees hulle dat hy nie reg sal kan marsjeer nie.

Van die twee seuns, wat daar moes bly, n.l. Piet Kruger en Chiel Myburgh, sal Myburgh miskien ook binne kort kon terugkom.

lag. 2 Feb.

kende Hitte.

Die weer is so drukkend warm in die laaste tyd dat ons die hitte eientlik meer voel as in Afrika! Vanaand teen 6 uur het hier gelukkig 'n koel seeluggie begin trek. Maar ons huisie is so vasgekeer tussen ander geboue, dat dit vanaand laat nog bedompig warm is. Ons het na die aandete 'n hele end ver gaan stap, tot op die Breekwater, om lug te soek en koel te word. Kan dit waarlik die koue Comodoro wees?

Verlede week was eers Maria siek; toe weer ek; en toe Estelle — almal aan 'n soort keelsoer of Griep. Ook Lulu was nie fris nie, maar het darem daaiet gehou as ons. Ons hoor van vele wat ook op dieselfde manier siek is.

Gisteraand se K.O.V. Debat oor die vraag of die Afrikaners hul posisie verbeter het deur na Patagonië te trek was net lewendig en prettig!

9 4 Feb.

koop
djies.

Dit was 'n aardigheid om vanmiddag die grosse ou boordjies van allerlei slag en grootte in M.M. Venter se lee winkel te sien — 'n byna nuttelose oorblyfsel van vervloë welvaart! Nou is hul in die hande van jongevriend Klasië Venter gegee om met hul te probeer handel drywe, of om hul weg te ry see toe, net soos hy wil. Lulu en ek het een-twee-drie daar 'n stuk of 40 harde boordjies ~~as~~ uitgesoek wat net my nommer is, en ook

1930.

die soort wat ek tans nog dra — gave goeie goed, net
in bietjie stoffig; één was en stryk sal hul sommer bestat.
Sominge is nog silwer skoon! Klasië het hulle sommer
persent gegee aan my!

Woensdag 5 Feb. Boesman is vanmiddag siek, hartseer, knypstert, en
diep geskok! Hy het vandag sy eerste ernstige
Boesman word byt ontvang van 'n mede-hond, aan die keel. So
~~ont~~nugter. het hy dan ontdek dat almal, wat hy op straat teëkom,
nie so vriendelik is as wat hy hom verbeel het nie.
Hy word nou eers gewaar wat 'n gek hy al die tyd
van homself gemaak het om (natuurlik in sy jeugdige
onskuld) so danig vriendelik toe te storm op elke hond
en elke persoon wat hy teëkom! Ja, so het ons
almal ook eens ons kinderlike vertroue in die wereld
geskok gevoel, en verloor, toe die wereld (wat ons so
goed gewaan het) vir ons die eerste wrede byt gegee het!

Sondag 9 Feb. Suster oggend het ek wees plat gele aan een van my ou
Hoofpyn. rare oenuwee hoofpyn. Gelukkig gebeur dit nou selde.
Die huisbesoek in die afgelope week in die Oke Area was lede
Huisbesoek. aangenaam. Maar di's daardie soort gevalle was was één man

se vrou met 'n ander man saamlewe, die huislik lewe ge-
brek is, en daar kwessies oor die kinders kom wat baie
onaangenaam is, en wat soms hoofpyn sowel as hartseer
veroorzaak! Hierdie week moet ons 'n dergelike stel op
die Dorp weer aftrop.

Dinsdag 11 Feb. Die vlugtige besoekie vanmiddag aan Voorspoed was aangenaam.
Ons het die half uurtjie onder die koel bome, en die gesig van
Op Voorspoed. die mooi appels en ander vrugte so 'n verkwikking gevind,
dat die gevoel van afgematheid sommer weer verminder. Die
terugreis in die maanlig vanaand was ook lekker. Jammer dat
ou Mr Visser en sy vrou albei so erg ly aan seer bene!

Woensdag 12 Feb. Di's twee jaar vandag sints daardie onvergeetlike Sondag
Herinneringe!! toe ek aan my Gemeente Pearston moes bekend maak, dat ek
die beroep na Chubut aanneem. Dit heug my soos gister!

Donderdag 13 Feb. Twee jaar gelede kom my kabelgram hier aan, en vandag lyk
dit vir my is dit tyd om te besluit oor die voortrek, weer S. Afrika
toe, althans vir sover dit Lulu en Estelle aanbetref.

Boeke van Afrika. Dit wou vandag; di's boeke opmaak, wat van Afrika af gekom het,
en allerlei kommissies vir mense — en verkeerde informasie
Lapwerk. omtrent die Terugtrekkers begin regmaak! Die poppe begin dans!

1930.

Saterdag 15 Feb. Vandag by Com Stoffel Myburgh, gewese Boere Kommandant. En 'n Haëlgeweer. ek het van hom 'n lekker Tweeloop Haëlgeweer gekoop, wat nog eerste klas skiet.

Sondag 16 Feb. Die diensete by ou Tant' Hannie Vorster was redelik goed bygewoon vandag. Vanaand is ons weer thuis, met die oortuiging: "Oorwes; thuis bes!"

Maandag 17 Feb. Vamiddag was dit net besigheid: portrette laat neem; pak klere bestel; 'n paar dingetjies gekoop; begin regmaak vir my reis vir Huisbesoek in die Kolonie wat môre 'n aanvang neem; en vanaand nog tot byna 1/2 12 Skodraads vergadering.

Maandag 24 Feb. Heerlike dag, omdat ek vandag tog vir die eerste maal in al die tyd dat ons hier is 'n mede-Predikant ont- 'n Broederlike mede-meet het in die persoon van ou Dr. John Mac Intyre, Predikant Evangelie Dienaar; van die Skotse Kerk, lams woonagtig in Bahia Blanca. Die 'n ware Vriend in die Vreemde!! gesprekke wat ek met die lieve ou Vader had, en die gebede, was tog so verkwikkend. Die Here het aan ons welgedaan deur ons so 'n lieve innige mede-Evangeliedienaar te laat ontmoet. Hy had vanaand ete by ons.

Gisteraand het ek om 11 uur thuisgekom van my Dienste en Huisbesoek in Salamanca wyk. Ek was haastig juis om

ou B^r Mac Intyre te ontmoet. In Salamanca kon geen

Basaar gehou word nie — daar was geen geld nie!

Geen geld — geen
Basaar !!

Maandag 3 Maart.

'n Woelige week is verby! Ou B^r Mac Intyre is don voordag
Donderdag met die Vliegtuig weg na Bahia Blanca.aterdag

'Roos' en dorings!

is ons en Thiens Visser na Voorpoed, waer ons vis ou M^{rs}
Johs. Visser in swaar pyn gevind het weens sy been.

Die Roos het reeds groot gate in die been laat inval!

(Gisteroggend) Sondag is ons na ou B^r Will Vorster — daar Huisgodskens
gehou; gisteraand by B^r Andries Treurnicht deurgebring,
en vanore terug huise.

Verswakte Senuwees.

Verlede week het ek vis Lulu na Dr Schneider geneem
vir haar senuwees ontwil. Di's weer slapebosheid, hoof-
pyn, ens. Dit lyk vaartlik asof sy medisyne mooi help.

Ons is tog so bly!

Ontmoedigende tyding

vir aspirant Trekkers.

Omtrent 5 dae gelede het die brief (voorlopige antwoord)
van Minister Grobler van S. Afrika aan Dirk Biggs gekom
wat feitlik sê, dat daar geen kans bestaan om passaat
en onderhands betale te hoef vir aspirant verarmde Terug-
trekkers na S. Afrika! En sommige het reeds
hul goedjies al ingepak vir die Trek! Hoe nou gemak!

1930.

Vrydag 14 Mrt. Dit was ramore 'n grap. Ek sit vroeg met die geweer

Gewapende Jagter en patrone kant en klaar vir die patryse — net eers beskaamd deur 'n koppie koffie drink; en — hier kom ou P^{er}

Ongewapende Voel- Edwards ingestap met 6 vet patryse, wat by gou vanger! gou in sy vanghok gevang het! Nou ja,

hul word nou reggemaak om na Lulu en Estelle te stuur; ek het lewer self skoongemaak, oorgesny, en gesorg dat die mooi spekvet magies weer in die lysies ingestop word.

Vanmiddag het James en ek oorgeslap na die plaas van Koot Eloff; 'n taamlieke ordentlike plaas, en met baie vrugtebome.

Saterdag 15 Mrt. Ai! wat 'n "sport" was dit ramore! By die eerste groot pan wat ons tee kom op weg na

Die Flamink Jag episode. Jarmiento sien ons 'n stuk of 6 Flaminkke. Lulu wil graag een se vere hê. Ek skiet ook gelukkig een — maar taamliek diep in die pan. Een-twee-drie is die stewels en sokkies uit, en die broek opgerol tot by die knieë. Intussen spartel die Flamink dieper die pan in! Ek agterna! Halffpad word die

1930.

water te diep. Weer ondraai; gou gou broek
uittrek! Weer in! Die water is yskoud, en
lyt net oor. Dieper en dieper in, totdat
die water aan die bors raak! Soe! maar di's
koud; en die modder word pap onder die voete!
Nog maar ontrent 5 tree van die voël af.
Maar dit kan nie; die onderbaadjie hinder,
en die hemp word nat. Weer kant toe vir
'n tou, om die voël te probeer "lasso"!
My lyf lyk al net so rooi soos die Fetamink
van die koue. James staan aan wal, met
die één kamas af, gereed om te help as daar
nood soa kom. Weer 'n slag die pran in,
sonder onderbaadjie, en met die tou. Ek
gooi! Di's mis! Nog 'n slag! Weer mis!
Nou ja, watse gelol — druk maar deur, met
water tot kort onderkant die arms — en
— gelukkig! daar het ek hom aan die vlesk!
Di's mos vir Lulu! Wel, dit kos toe
sommers droog aantrek van kop tot voet daer
langs die pad!

1930.

Sondag 16 Maart. Op Sarmiento; weer 'n bietjie koue wind. Baië (waalse het va-
middag Engelse Diens toe gekom — sowat 20 volwassene en 20
Waalse vriendskap kinders. Hul wil hē Lulu en ek moet een van hul "Tea
Parties" kom bywoon — 'n soort van volkoes met veel
singery.

Maandag 17 Mrt. Die wilde eende skietery vamore by Lou Greyling was groot
Wilde eende jag. sport. Dit was weer nodig om stewels uit te trek, broek
op te rol, en heen-en-weer deur die Blote ("arroyos") en
pawnetjies te draf, soms tot halfpad na die knie in
pap modder, en dan weer met pynlike tred op die
klippertjies, en stekerye gras! Dit lyk my Lou se voet-
sole is so taai so 'n Kaffer s'n! Ons het darem 7
eendjies vir Lulu en Estelle geskiet.

Vanaand is James en ek hier by Bro Hendrik Kruger op
Sierra Victoria.

Dinsdag 18 Mrt. Vanaand by die Groblers (Gereformeerdes), en Verwey (N.G.). Daarlik
'n Hervormde
Drinker. Hendrik Grobler ("Mula") is vir my 'n treffende voorbeeld van
Gods genadewerking in 'n mens se hart, as ek dink watter
slaaf hy van die Frank was, en hoe absoluut sober hy nou is.
Hy getuig self van die verandering met groot dankbaarheid.

1930.

Woensdag 19 Mit. Vanaand is Br. Hendrik Kruger en ek by Br. Piet L'enters en gesin. Arme Piet! Sy huisgesin ly waarlik gebrek aan be-
Armoede weens hoorlike warm onderklere — en die winter is al naby. Al wat onkunde: Foei! hy had, nadat sy wol verkoop was, (en 'n dringende rekening af-betaal was) om voor kros en klere vir die jaar te koop, was ontent £14— (= \$168⁰⁰ pence). Hoeveel beter kon dit nie met hom gesteld gewees het nie, as hy nie so onverstandig gehandel het met sy geld toe hy \$ sowat 4 jaar gelede probeer het om na S. Afrika te gaan via Engeland.

En ag! die idees van die arme mense oer die "skip" wat die Unie Regering sal stuur om ons mense hier "te komhaal" is tog so pynlik eenvoudig, ja, gevaarlik misleidend vir hierdie swaar tyd! Dit gaat hard om hulle só te oortuig, dat hul die rugtere waarheid in die aangesig kan sien!

Vrydag 20 Mit. Ek het vanmiddag sommer te voet oorgestap van Cudd. Swamp-poel na Boet Driessers; dit is so 'n lekker warm dag, en rug na Afrika? die distansie is maar kort. Daar gekom vind ek hul net besig om reg te maak, om more vroeg Foot toe te gaan. Dit is die begin van Meer Driessers en die drie kinders se terugreis na Suid Afrika. Ek vind James Edwards toe

1930.

Swaar klavier.

oek daas. Tussen hom, Boet, en my was daar toe
dareem genoeg spierkrag om die swaar klavier op
die hoë Chevrolet Camion te laai! Ek wonder
of M^o Crissel nou werklik sal wegkom Afrika toe,
want sy het al soveel-maal gemik om te gaan, en
weer moes uitsteek!

Saterdag 22 Mrt. Veranderde weer; flukse reënbuie namiddag. Opkoms
Eén Basaartjie; die Kerk is goed. Die Basaar was egter baie kleiner
één Katkesantjie. as verlede jaar, en die opbrings net maar 'n bietjie
meer as die helfte van wat dit verlede jaar was.

Had 'en Katkesant gister - Janie Verwey. Sy het
fluks geleer, maar is baie wenuweagtig, en praat so
vinnig dat soos 'n Ford op 'n steil afdraënd (sonder
briekbande)!

Sondag 23 Mrt. "Kerk"! Verskeie Gereformeerdes (groot en klein) ook teen-
woordig. Goë gesindheid heers. Gesange en Psalms deur
Vader Winter blaas almal ewe hartlik gesing. Koue lug, en bytend koue
oor die berg! wind waai vanmiddag. Die families op die kaal wa en
Camion sal bibber en rittel van koue hier oor die
bergtop vanaand — maar hul won opsluit ry, ten

1930.

spjete van die Swanepoels se poginge om hul te beweeg om oor te bly tot more.

'n Dankfesie, en
'n opgetelde
dankoffertjie!

Die Dankfesie gisteraand het ook maar nie eens die helfte soveel opbrenging as verlede jaar nie. Ja, die tyd is baie hard; maar onverklaarbaar is dit dat die Ouderling, wat self verstet hoe sy eggenote 'n paar dae gelede 'n \$50 peso root in 'n gekoopte mieliesak opgetel het, nou juis net ook \$50 (£4.4/-) as sy Dankoffer vir vanjaar gee. Ja wel, hul het heelwat vir die Basaar gedoen; maar 'n opgetelde \$50 peso root kan tog nog nie as 'n ryk man se Dankoffer vir Gods Kerk beskou word nie. Ek het natuurlik met hom daaroor gepraat; nou laat hy sy gedagte nog gaan oor die saak — di's glo nog te moeilik om die saak in die regte lig te sien! Hoe treffend waar die woorde van ons Heiland: "Hoe bezwaarlik zullen degenen, die goed hebben, in het Koninkryk Gods inkomen!"

Onderwyser Louber was my kamermaat sints Donderdag aand. 'n Gawe jongman, en toegewyd aan sy werk. Dit lyk gelukkig asof die mense veel van hom hou.

Dinsdag 25/11/30. Twee weke van huis; ek verlang al baie na pos van my dierebes.

1930.

Hō-hā! eers 'n
bietjie blaas!

Van gister namiddag af is ek hier by Br Schoeman
in Sierra Chaira. Tot more n.m. sal dit vir my
'n lekker stil tydjie hier wees, om die oorgehopte skryf-
werk 'n bietjie te probeer afwerk, die motor se los
moertjies weer aan te draai, die klere goed af te borsel,
die preke vir Saterdag en Sondag reg te stel, ens. ens.
More n.m. gaan ek verder vir huisbesoek, Basaar, en
"Kerk" in hierdie wyk (Sierra Chaira).

Woensdag 26 Mst.

Sonbad.

Gister was 'n lekker dag; ek het ook die sonbad in die bergkloof baie
geniet, net soos die lekker warm bad gisteraand. Ook kon ek gister
by 'n bietjie skrywe & lees. Vandag is dit weer onstuimig. Vroeg
vanore wei die patryse byna op uittartende wyse naby die huis;
maar voor ek kon skiet het die hond hul verjaag.

Zonderdag 27 Mst.

Vroeg bed toe.

Slegte nuus.

Op Keerom, by John Blackie (Ouderling). Die daë word kort, die
nagte lank. Toe ek ~~gisteraand~~ ^{gisteraand} om half sewe hier kom, was
dit al heeltemaal donker, en meeste van die vriende hier
het ook al gaan slaap! Arme ou Br John te weer siek
aan sy maag. Ek het tog ~~gisteraand~~ ^{gisteraand} pas gekry van
my diestases — en dit regal met die slegte tyding
dat Lulu swaar Griep gehad het met baie koors

verlede week. Sy het self vóór die deur neergeval
- van swakheid en maarheid. Arme vroujie. Sy moet
maar liever weg uit hierdie land. Gelukkig dat
Eletta nog gezond is.

Gevaarlike
ner maal.

Verlede nag had ek 'n grilligerige ontmoeting. Terwyl ek
na 'n linderlike vlooi soek, ontwaas ek 'n skerpioen
onder my kopkussing! Dit het my 'n halfuur
geneem om die hele bed om te vrotel, maar daar
was gelukkig nie meer van die telike en gevaarlike
goggas nie.

oel-op huisbesoek

Vandag is ek, ~~aan~~ vergesel van Pieter van Wyk,
te voet hier oor die berg na die familie van BZ
Jan Blackie. Dit was 'n swaar klim teen die
sterk wind en die skel opdraend.

28 Maart.

Vanaand weer by BZ Schoeman. BZ John Blackie en familie
het met my saamgekom. Dit het in hierdie deel van
die gebergte fluks gereent. Die pad is nog nat en swaar.
Wind vanaand baie koud en sterk. Die Gereformeerde
Domenie is 'n paar uur vóór my hier verby na Sierra
Victoria. Ek moes vandag weer raad en troos gee aan

- pad.

11

11

Ons kolporteur.

jong B. Tjarré v.d. Walt — kolporteur en godedienis oefenaar. Onbewus begin hy Sekte idees kry, maar meen dit baie eestlik en opreg. Jammer dat hy tot veel swaarmoedigheid geneigd is.

Saterdag 29 Mrt.

Swak Basaar en
Dankfees.

Min mense vandag op die Basaartjie van Sierra Chaira — net 10 volwassene, en 'n klompie kinders. Die goed was ook min. Opbringings \$97 ⁹⁰/₁₀₀ pesos (£8-) teenoor \$344 ⁰⁰/₁₀₀ van verlede jaar (£28..10/-). Die Dankfees vanaand was ook klein, wat die gawes aanbetref. Vanmôre het ek tog weer 'n patrysie vir Lulu kon skiet. Die wind bly maar bitter koud.

Sondag 30 Maart.

'n Spaanse Protestant.

Meer mense het bygekóm vir Kerk. Ook was daar 'n jong Spanjaard, Protestant, wat so lank al onder die Boere woon, dat hy Afrikaans redelik goed kan verstaan & skryf; maar praat val hom nog swaar. Hy kon veel van die Danksaggings Diens vanmiddag volg, lot my blydskap. Vanaand is ek met B. John Blackie se familie weer hier op Keerom. Sy dogtertjie, Maria, het vanmiddag heeltemal mislik geword in die motor van die geawente, gewip, & gewieg om die kost draaie, en deur die menigvuldige slootjies, & oor die klippe & polle.

Motorsiek.

Maandag 31 Maart

Motor skropperij.

Ek het die hele dag gespandeer aan die motor, om hom van binne en van buite sover moontlik skoon te maak, al die moertjies goed aan te draai, ens. ens. Moeg vanaand!

1930.

Br John Blackie en sy vrou het ook 'n bietjie gehelp ^{by} ^{vir} met die moeilike wassery onder die modderskerms, en sy ma die ruite.

Dinsdag 1 April. Vanaand is Br John Blackie en ek by Charles Dickason. Oom Oom Willem Blackie het vir homself en die ou Tante 'n netjiese huisie gebou kort onderkant Charles se woning. Tot my teleurstelling is Willie nog nie terug van Comodoro nie; en dus is daar vir my nog geen 'n Eensame Skot. tyding weer van my diebares nie. Arme ou Mrs Wilson is nog hier, besig om allerlei joppies op die werf te doen, en tog so dors vir 'n bietjie lekker geselskap.

Donderdag 3 Aprl. weer by Ches. Dickason; maar net moeg van ons lang rit te perd oor die berge, van ~~van~~ ^{gister}oggend tot laat vermiddag. Saterdag het ons by die Pelers aangekom — Gereformeerde mense. Hul het ons baie vriendelik geherberg. Mrs Pelser se gesondheid is wonderlik herstel van die Tromp van Diggelen kursus.

Moord en Doodslag. Almal praat net van die grauelike moord wat op 10 Maart daar naby die Pelers plaasgevind het. Die vermoorde man was hul buurman vir seker 'n 12 of meer jare, en was 'n goeie werksame ou Spanjaard. Dit is nou die tweede moord in hierdie wyk in die laaste 6 maande.

1930.

Br John Blackie en sy vrou het ook 'n bietjie gehelp ^{by} ^{juist} met die moeilike wassery onder die modderskerms, en sy met die ruite.

Dinsdag 1 April. Vanaand is Br John Blackie en ek by Charles Dickason. Oor Oom Willem Blackie het vir homself en die ou Tante 'n netjiese huisie gebou kort onderkant Charles se woning. Tot my teleurstelling is Willie nog nie terug van Comodoro nie; en dus is daar vir my nog geen tydning weer van my diebares nie. Arme ou Mrs Wilson is nog hier, besig om allerlei joppies op die werf te doen, en tog so dors vir 'n bietjie lekker geselskap.

Donderdag 3 April. weer by Ches. Dickason; maar net moeg van ons lang rit te perd oor die berge, van ~~hier~~ ^{gister}oggend tot laat vermiddag. Gisteraand het ons by die Pelers aangekom — Gereformeerde mense. Hul het ons baie vriendelik geherberg. Mrs Pelers se gesondheid is wonderlik herstel van die Tromp van Diggelen kursus.

Moord en Roadslag. Almal praat net van die gruwelike moord wat op 10 Maart daar naby die Pelers plaasgevind het. Die vermoorde man was hul buurman vir seker 'n 12 of meer jare, en was 'n goeie werksame ou Spanjaard. Dit is nou die tweede moord in hierdie wyk in die laaste 6 maande.

1930.

Ondermyning van
Kerklike Tug.

Ons ontdek vandre dat 'n jongman, 'n paar maande gelede getroud met 'n Geref. meisie, nou van ons Kerk na die Gereformeerde wil oergaan. Hy moet egter onder sensuur kom. Maar — die Geref. Dominee het verlede week al reeds vir hom en sy vroujie die nodige mondelinge bestraffing gegee, hulle verder onder geen sensuur geplaas nie, en sommet dadelik hul kindjie gedoop! Toe het die Dominee hom gese dat hy nou eers sy Attestasie by my moet kry, voordat hy as lidmaat ~~van~~ ^{aan} die Geref. Kerk kan ingeskryf word! Dis 'n egte "moester na die maal" dissipline!

Vrydag 4 April.

Lekker gerus vandag. Ook 3 patrysies geskiet. Hier is gelukkig melk en vrugte, maar groente is baie skaars.

Perskes: só - so!

Ons het die paar dae taamluk volop perskes hier in Sierra Cuadrada geëet — maar hul is nie soet en geurig nie.

Agtling vir die
Evangeliedienaar.

Die mense is tog nog ooral so vriendelik; en vir hul Predikant gee hulle graag altoos hulle beste. Mog die Here hul daarvoor sien. Di's soms seer eenvoudig; maar dit is in die reël die beste wat hul het, en dit word van harte gegee. Daarom waardeer ek dit ook so hoog, al is dit dat my slaapvertrek soms met sak afgeskort is van

1930.

In Huis sonder
agterdeur.

die res van die woning, of die pakkamer is waar die meel, mielies, suiker, ens. gestoor word. Maar die familie verduur lewer 'n bietjie ekstra ongemak, om net vir hul Dominie 'n goeie rusplekkie te gee. Iets eienaardigs was ^{dit} om te ontdek dat 'n sekere boerewoning net 'n voordeur het; geen agterdeur uit die kombuis nie — geen ander deur, as net daardie een deur nie. Ek wonder of dit nie vir die huisvrou darem soms ongerieflik is nie. Ons, wat in Conodoro só toegebou is, dat ons selfs ons vuilgoedkas van die agterplasing dwars deur ons huis by die voordeur uit moet dra dag vir dag weet so ietsie van sulke ongerief!

Sondag 6 Apr. Die basaartjie van groente en handwerkies en 'n bietjie vrugte was gister

Basaar in Cuadrada nie alte swak nie, ten spyte van die omstandighede. Die oikoms vir

Kerk op Sierra Cuadrada was vandag meer verteenwoordigend as ooit.

Br John Blackie en ek het sommer vanmiddag na die laaste diens

Ongunstige Tyding. deurgekom hier na sy woning. Briewe van Lulu en Estelle gister ontvang; ek voel onrustig oor haar verswakte senuwes.

Maandag 7 Apr. Dag van herinneringe! Presies 12 jaar gelede is ek bevestig en georden as Leraar van Keimoes. En juis 2 jaar gelede het ek demissie ontvang op Pearston. Jou hulle ook aan ons dink?

Terugdink.

Vet Patryse.

My reis vandag tot hier by ou Bro Willem van Wyk was stil, eensaam, aangenaam; en die 2 patryse wat ek vanore langs die pad geskiet het is spek vet!

Woensdag 9 Apl. Vanaand skemerdonker thuis gekom tot ons wedersydse blydschap. Gelukkig is my diebares weer gesond. Maar tot my innige droefheid vind ek dat ons lieve ou hondjie

Boesman Verloor. Boesman byna 'n week gelede spoorloos verdwyn het. Ons voel almal so hartseer daarvoor.

Langrit en min

slaap.

Die laaste twee daë was taemlik moeilik. Gister oggend om sovat 3 uur het ek wakker geword — slapeloosheid lol weer. Toe was dit Dinsdag tot 3 uur nm. Daarna is ek eers weer Pampa oor na die Weber familie, omdat hulle nie by die Kerk was nie. Daar verduaal ek nog boërop in die aand-skemer. Donker kom ek daar, na 'n rit van byna 33 myl. Daardie nag het ek nie één minuut kon slaap nie! Tien minute oor 5 vanore is ek daar weg, terug na die Van Wyks, af na die Pelsers aan die rivier, in die rivier-vallei weer 'n paar myl misgery weëns dowwe en onbekende paaie, en eindelijk veilig thuis gekom, na 'n rit van 150 myl, met huisbesoek tussenin, en nog die

1930.

regmaak van 'n wiel ~~wat~~ waarvan die buiteland hier naby die Dorp gebars het. Ek voel dus 'n bietjie moeg vanaand. Tog so jammer dat arme Lulu weer so erg ly aan slapeloosheid.

Sondag 13 April. Ons had gister 'n aangename dag vir ons Basaartjie in Cañadon Ferrais. Dit was gebedsverhoring. Daarom kon dit ook 'n opelug Basaar wees onder die bome van die Boliche. Maar alles was op 'n baie kleiner skaal as verlede jaar. Weer 'n gevolg van die toestand van depressie. Waar ons verlede jaar ruim \$1950- (of £162.10/-) gemaak het met die Basaars vir die wyke tussen die Chico en die See, het dieselfde wyke hierdie keer slegs 'n \$400- (of £33.10/-) opgebring!

Kerklike kinders. Vamöre had ons baie kinders en min volwassene in die Kerk — sowat 37 persone, waarvan slegs 17 volwassene.

Siekte

Maria lê gister en vandag siek aan die maag.

Donderdag 17 Apr.

Piekniëk.

Wilde Eende.

Ons het vandag so 'n heerlike uitetappie gehad na Bahio Solano dat Estelle nie genoeg van die lekker piekniëk kan praat nie. Die paar wilde eendjies wat ek op die pannetjie langs die pad na Andries O'reurnicht geskiet het sal seker ook lekker smaak. Ons voel vanaand net lekker moeg en vaak; maar tog probeer ons

1930.

Pos!!

iets afdoen van die groot armvol pos, wat van S. Afrika
gekom het.

Vrydag 18 April. Goeie Vrydag. Daar was 29 mense in die Kerk vanore. Uit die
korante kry ons vandag die ernstige berig dat die Spesiale
Sinode van die Kaapse Kerk vir Professor du Plessis skuldig
gevind het op die hele klagte teen hom! En nou?!
Mag Gods genade groof wees oor die Kerk.

Sondag 20 April. Min mense in die Dorp vir Nagmael. Di's vandag ook Nagmael
van die Geref. Kerk. Estelle kry vanore die blye tyding
dat Boesman by die De Boers (ons Gemeentelede) is op
Kilometer 23 — (plus omtrent 14 myl van hier). Hy was werklik
gesteel, en op Kmtr. 27 afgegooi van die motor. Daar het
iemand probeer om hom in 'n rou olie dam te versuiw.
Maar hy het gelukkig outenap. Toe kry De Boer se seun
hom, word vir hom jammer, was die brandende olie van
hom af, en neem hom na hulle huis toe, nie wetende
wie se hondjie dit is nie. Daar het Mev. de Boer hom
toe herken as ons hondjie. Estelle is verruk van
blydskap. Sy kan die tyd noueliks afwag tot more namiddag
wanneer ek vir Boesmantjie sal gaan haal.

Vreemde besoekers. Dit het vanaand onder Kerkwyl begin reën. Ons had vanaand 'n Argentynse Soldaat en nog 'n Argentynse (nl. ons ou "Lig Diaken" soos ons hom noem) die inworderaar van die Lig belasting) in die Kerk. Hul het byna tot die end van die preek gebly.

Maandag 21 Apl. Lekker dag gewees. Vanaand is Boesman weer thuis. Hy het ons dadelik herken toe ons by die familie De Boer vanmiddag aankom, en het net gedurig opgespring van blydschap. Hy probeer sommet om my met sy bek aan te trek motor toe. En toe ons daar wegry probeer die De Boers hom terugroep, maar hy kruip agter in die motor en wil nie van ons weggaan nie. In die huis is hy vanaand sommet weer thuis. Die kat ken hom ook.

'n Gewonde Skaap. Ons het op pad na die De Boers 'n arme gewonde ooi gekry, waarvan 'n motor blykbaar die agterbeen afgestamp het. Ons het die arme hier in die motor gesit, en by ou Br De Boer afgelaai. Hy sal môre die eienaar van die skaap self sien, en hoor wat moet gedoen word.

Woensdag 23 Apl. Dit word koud. Vandag hoofpyn gehad. Ons wy vanaand die eerste Kouë begin warm water sakkie van die winter seisoen in. Ek hoor arme

1930.

Siekte.

ou Oom Tjaart vd. Walt is maar net siek en swakkerig.

Vandag was daar Bruilof by hom — sy seun Hannes!

Vervelend volop

tyd.

~~(^{Ammoniem} ~~Ammoniem~~)~~ fris jongeling, paradeer die strate met 'n spoggerige swenk-swaai stap, en kom so dikwels moontlik

asemhaal in die Pastorie, omdat hy nie weet hoe om die ver-

velende oorloed van tyd anders om te kry nie, terwyl hy

nou 'n maand of so hier op die Dorp moet verstoef om aan

sy oor te laat werk. Ek sal moet iets vir die ou seun

soek om te doen, veiligheidshalwe. Terwyl ons soms

op "hete kole" sit weens veelvuldigewerk, kan hy tog so

lekker sit met die linkerbeen reghoekig en horisontaal ge-

kruis oor die regterknie, terwyl hy die linkervoet in

posisie hou met die regterhand net op die gewrig tussen

die enkel en die lip van die "Apargata" (seil skoer); en

met die regtervoet op die vloer só na die hot kant

geswaai en só op die buitekant getrap, dat dit lyk

asof dit werklik 'n makouagtige horrelvoet gebrek is

waaraan hy ly! Ryperd!! En dan is daar meer-

"Minus" dinkvermoë. male blykbaar 'n mooi groot leë ruimte — 'n negatiewe

toestand — in sy gedagte-wereld! Dit lyk my soms

1930.

asof die koue van hierdie landstreek die dinkvermoë affek-
teer soos stywe mieliepap — dit wil nie loop nie,
behalwe as dit soms deur 'n swaar verkoue vloeibaar
word!

Vrydag 25 Apl. Die berig van die mishandeling, wat hier op Kilometer 3 'n
Priester loop Roomse Priester aangedoen is deur sekere Roomse familie, uit
deur by sy eie oorsaak van sy aksies wat hy ~~met~~ ^{tydens} die biegtary gedryf het
mense! met 'n dogter van die familie, toon weer tog só duidelik hoe
daar steeds 'n sluimerende wantroue en verbittering in die boste
van die mense is teen hul eie Kerk.

Reent. Dit reent. Die wereld is nat!

Woensdag 30 Apl. Arme lieve klein Estelle is siek — koorsig en hoofpyn;
Essie siek. dit moet Influenza wees. Gest Vreeser en ek is net klaar
Ouditeurs nag- met die ouditeer van die Kerk Kassier se boeke vir 'n
waak. halfjaar. Ons het verlede nag om kwart oor twaalf huis toe
gekom van die boeke af!

Prof. du Plessis
afgesit!!

Die jongste nuusberigte omtrent Prof. J. du Plessis sê
dat hy nou werklik afgeset is, en dat die geleerde
Publiek van S. Afrika geweldig met hom simpatiseer.
Die omkoop voorstel, wat die Sinode die presumpisie gehad

1930.

het, om Prof. du P. aan te bied, en wat hy natuurlik, as regskape mens en as self respekterende Christen, met beslistheid van die hand gewys het, gaat my verstand te bowe! Maar..... die Sinode het dit seker wel gemeen! Dit blyk dat die minderheid in die Sinode hierdie keer nog groter in getal was as in 1928. Opvallend is die telegram, wat Prof. du P. agterna ontvang het van één van die Ouderlinge, wat op elke punt teen hom gestem het, meldende dat hy nou met die Professor simpatiseer, en dat hy die hele saak nie reg begryp het in die Sinodale vergadering nie, en daarom onder 'n misverstand teen die Prof. gestem het.

Goeie Argentynertjies. Estelle se nuwe Spaanse vriendjies hier oorkant, vir al die klein Victoria stel heelwat belang in haar. Hulle lyk lieve kindertjies — die identiese wat ons nog gesien het. 'n Mens kan ook aan alles merk dat daar dissipline in hul huis is. Victoria wys ons vandag watter lang swart bobbejaanagtige hare sy op haar armpies het. Die seuntjie Talent vir Teken. Angel Ruiz, maar in die woorde genoem "Porroto" (Droë boontjie)

1930.

het besonder talent vir teken, en kan pragtig teken vir sy ouderdom — hy is nog maar 10 jaar!

Donderdag 1 Mei.

Boesman het vanmôre weet sommet so goedsmoeds verdwyn, en is vanaand nog nie te vinde nie!

Vorbereidsels vir vertrek begin.

Die brief wat ons vandag van die Japanese SkeepsAgente (Buenos Aires) gekry het sê dat hul voorlopig op my versoek 'n kajuit vir Lulu en Estelle bespreek het op die "Iyo Maru" wat teen 7 Aug. vertrek na S. Afrika. Maar ons moet dit nog 'n tydlang geheim hou, versigtigheidshalwe; dit sal nie gaan vir die Gemeente om dit nou al te weet nie.

Vrydag 2 Mei.

Lulu te vanaand siek — koud, seer keel, en swaar verkoue. So is sy en Estelle nou bedmaats. Gelukkig is Estelle reeds veel beter.

Lulu ook siek.

Saterdag 3 Mei.

Ewe onverwags kom Boesman vanmôre hier aan die voordeur krap en hull om binnegelaat te word. Lulu het hom eerste gehoor. Hy kom blykbaar nie van ver af nie, want hy is nie moeg nie; maar hy lyk darem so raak en verslaë.

Beterskap.

My twee lieve pasiente lyk tog vanmôre 'n bietjie beter; en Essie gaan opstaan.

Com Tjaart siek.

Later. Vanmiddag vir Com Tjaart vd. Walt besoek; hy is in die bed, en net regte swak. Sy kleur is heeltemaal geel;

1930

ek verstaan dit is weens ernstige ongesteldheid van die lewer, gal, en niere; daar word selfs van 'n moontlikheid van kanker gefluister.

Sondag 4 Mei. Die wind waai rond. Bly dat Lulu beter is, maar nog in bed. Estelle is op, en was vanmiddag in die Kinderdiens. Ons maandelikse Engelse Diens was vanaand deur 'n taamlieke groot aantal persone bygewoon. Beide die Kinderdiens en die Engelse Diens was deur 'n Argentynse Soldaat (of Offisier) bygewoon; of hy 'n Protestant is weet ek nog nie met sekerheid nie; maar hy verstaan glo 'n bietjie Engels.

Vrydag 9 Mei. Vanmôre het ek opgestaan na 'n paar daë van siekte. Gelukkig is ons nou almal weer op die been. Jammer dat ons die mooiste daë nie kon geniet nie; nou is dit weer koue, klam, bewolkte lug.

Sondag 11 Mei. Taamliek baie mense in die Kerk gehad vir beide dienste. Ons Argentynse besoekende Offisier van verlede Sondag was vanaand weer in die Kerk, en het 'n mede-Offisier saamgebring. Na Sondagskool was Diaken Kosi Visser en sy vrou hier by ons vir 'n rukkie. Toe hulle weg is, het ons gaan sien hoe die ou José Menendez tydsaam die hawe inatoom; só het ek al drie-

maal, en Lulu en Edelle twee maal met dieselfde ou skip
hierdie hawe ingesail. 'n Mens se gedagtes loop sommet
ook vooruit na verdere moontlikhede en gebeurlikhede.

Sondag 18 Mei.

Vervreemdes

deur krankheid

bymekaar gebring.

Blye gebeurtenis, dat m^{nr} & m^{rs} Conradie vanmiddag na
ou Com Tjaart v.d. Walt gegaan het. Dit was hul eie
begeerte, en die oubaas was regte bly daaroor. Tog.....
niemand het enige skuldbelydenis gedoen nie! Com Tjaart
het net verklaar dat hy bly is, dat hy hulle alles lankal
vergeef het, en dat hy vrede in sy hart het. Dit alles in
antwoord op ou Bst Conradie se verklaring dat daar 'n tyd
kom wanneer 'n mens liever die ou geskille moet vergeet.
Wel, ek glo hul bedoelinge was seker goed; en as hulle nou
tevrede is, sal ek nie roer nie — laat alles rus!

Com Tjaart word by die dag swakker.

Redelike weer.

Tot gister had ons besonder aangename weer, en redelik warm.
Vandag het die wind begin waai. Op Sierra Victoria is dit
al so koud, dat ons C.N.O. Skool daar gesluit het. Die

C.N.O. in gevaar.

C.N.O. Raads vergadering van gister vanmiddag het openhartig
gesels oor opposisie Skooltjies, gevaar van ondergang weens
dislojaliteit van ons eie mense, hoeveel Engels in ons Skole gelees

1930.

sal word, ens. ens. — heel interessant, en vry ernstig. Die laaste helfte van 1930 gaat, wat my betref, spesiale probasie tyd vir die C.N.O. wees, om te sien of die hele onderneming nie dalk liever gestaak moet word nie, en die bejammerenswaardige Boere Kolonie dan vir goed aan hul eie vernuf en vindingrykheid en wysneusigheid moet oorgelaat word; maar jammer dat die paar gewilliges en getroues saam sal moet ly, soos gewoonlik die geval is! Mog dit egter nie nodig wees nie! Lulu haar skriftelike bedanking as Onderwyseres was toe aangeneem; maar Charma Visser sal d.v. na die winter voortgaan met 'n C.N.O. Skool op die Dorp vir Junior kinders.

Boesman-rond-
loper!

Boesman is weer weg van gisteroggend af. Weens al sy weglopersy steef ons hom nou af, en gevolglik bekommer ons ons nou nie meer so danig baie oor hom nie!

Baie Kerkgangers.

Ons had vandag buitengewoon baie mense in die Kerk; ruim 48 (buiten enige klein kinders) vanore, en 40 kinders in die Sondagskool vanmiddag; ook sowat 30 vanaand. Ons Argentynse Soldaat besoeker was vanaand afwesig, en juis net betrek, met moeite, vir hom 'n kort opsomming van die preek in Spaans

uitgeskrywe vir die aanddins, en ook 'n Spaanse Bybel me-
geneem.

Dinsdag 20 Mei. Vanmôre het ek die webers uitgeneem tot by B^r Stegmann. Die motor
"Taxi"? was so fluks gelaai met skerpkantige kussies, dat Lulu nie kon
saamgaan nie. Net vir Estelle was daar darem 'n skraal plekkie.
Die rit was gelukkig baie voorspoedig. Essie en ek is toe alleen
weg van die Stegmans, na die Skool op Goedgedag, en vandaar
terug Dorptoe. Die lewe klein ding gesels so lekker oor
alletei, dat die lang pad vir 'n mens waarlik kort word.
Sy verlang innig na Suid Afrika.

Sondag 25 Mei. Groot Nasionale Feesdag vir Argentinië! Dit 'n wonder was dit vandag
droog; maar die windjie was bitter koud! Vanmiddag is die fondamentsteen
van die eerste Monument ~~van~~ in Comodoro Rivadavia gelê, nl.
die van Generaal José San Martín; dit sal net voor die spoorweg
stasie staan. Gister namiddag het ons 'n Skool Konserf bygewoon,
wat redelik goed was.

Lindjie gestorwe. Gister ontvang ons berig van die dood van B^r Francois Viviers se
dogtertjie in Chermiento; as die Here wil en die weer verander nie te
veel nie, dan gaan ek more vroeg daarheen vir die Begrafnis — di's
die Ouers se versoek. Dit sal sowat 110 myl wees — dus; vroeg

opstaan! Arme ou Oom Tjaast is gedaan — uiters swak;
praat feitlik nie meer nie, en ken ook nie almal nie!

Boesman is nou 9 daë weg — seker vir goed hierdie
keer. Arme onnosele diestjie! As hy tog maar net
nie mishandel word waar hy moeg wees nie!

Maandag 26 Mei. Om 5 uur is ek vanmôre opgestaan; om 6 uur het ek Oom Tjaast nog
Kapok stuit ons. eens gesien — uiters swak. Toe is jong Frans Viviers en ek weg
na Sarmiento. Maar toe ons net oor die Pampa was, 21 leagues (of
63 myl) hiervandaan het dit so hard gekapok, dat ons ingesien
het dat terugkeer môre heel moontlik nie meer sal kan gebeur
nie. Daarom het ons dadelik omgedraai, nog ruim 15 leagues (of
45 myl) deuskant Sarmiento. Die kapok het só gepak tein
die voorste ruit van die kar, dat ons net nog deur die klein
skoon plekkie, wat deur die ruit veëstjie gemaak is, die pad kon
sien. In 'n ommesiens tyd lê die wereld wit van die kapok;
en steeds warrel die vlokke, soos miljarde van amandelbloeisels,
van al kante neer. Jammer dat ons dus die begrafnis van
die Viviers kindjie op Sarmiento nie kon hou nie — maar, ons
kon nie tein betertwete ons weg forseer nie! Toe ons om half
twee vanmiddag weer hier in Comodoro aankom, toe kry ons die

Om Tjaart ook
gestorwe.

berig dat Om Tjaart vanore al gestorwe is, net omtrent 'n
uur na ons vestrek — dus 'n weinig oor 7 uur. Weer is
een van die Vaders van die Boere Kolonie weggeval!

Familie na S. Afrika.

Br 'Groot' Dirk Venter en sy vrou het vanaand kom groet,
vir hul vestrek na Suid Afrika! Wanneer kom ons beurt?

Dinsdag 27 Mei.

Begraving.

Presies 2 jaar vandat ons laas ou Tafelberg gesien het. Die begraf-
nis, ^{dien} van Om Tjaart was vanmiddag deur 'n ruim aantal mense
bygewoon in die Kerk. Daar was 'n lang stoet motor karre
na die Kerkhof. Die windjie is bitterlik koud vandag.

Vrydag 30 Mei.

Kapok & Reent.

Dit reent, en die wereld is pap nat! Vanore teen 9 uur ~~dit~~
het die kapok só laag af geleë teen die heuwels, dat
dit byna tot aan die see gesaak het. Ons ou
peperkorrel berg is net één glinsterende wit! Non
le die kapok seker dik op die Pampa.

Pinksterbidure.

Ten spyte van die modder en koue het daar darem
'n taamlike aantal mense na ons Pinkster Bidure
gekom gisteraand en vanaand. Mag die H. Gees ons seën.

Lulu siek.

Lulu was gister in die bed met hoofpyn en pynne deur
die hele lyf. Gelukkig is sy vandag beter en weet op.

Pynlike Brief.

Wat 'n pynlike indruk het die brief, wat ek eergister van

Onderwyser de Villiers ontvang het op my gemak! Die jongman is bepaald onder heeltemaal verkeerde indrukke.

Saterdag 31 Mei. Vandag het Estelle haar "Diploma" vir die 2^{de} "Grado" (Standaard) End van Argen- in die plaeslike Argentynse Nasionale Skool ontvang; Die tynse Skooljaar. kinders het ook al hul skryfboeke, spaarbankboekies, maandelikse rapport boekies, en handwerk van die afgelope skooljaar teruggekry. Dit was 'n hele gedoente en opgewondenheid.

Die twee Ruiz kindertjies (ons bure) het al hul goed vir ons ook kom wys, ewe trots en verblyd; en Estelle s'n moes weer aan die bure ge wys word.

Flodder!

Die reent het opgehou; maar die strate is nog 'n papperig van modder! Tog was ons weer vanaand 'n paar mense meer in die Pinkster Biduur. Lulu en Essie kon vanaand ook meegaan.

Ordentlike kinders. Ons ontdek dat die twee kindertjies hier ookant se Vader die Sekretaris was van die Goewerneur van die Provinsie Córdoba. Hy is 3 jaar gelede dood aan Tering. Van die Moeder praat hul nooit nie. 'n Mens kon merk dat hulle van goeie familie is.

Sondag 1 Junie. Nog pure modder! Geen Engelsprekendes kon die Diens vanmiddag

1930.

Motor val vas vlak
voor die Kerk.

Bywoon nie. Die motor wat vir Mr Dawid Venter vanmiddag by die Kerk kom haal het, het vlak voor die Kerk so diep en die modder ingesak, en met al die gesukkel homself nog verder só ingegrawe, dat hy tot op sy trap in die modder gele het, sodat hul hom met 'n Camion moes gaan uitsteek.

Boesman gans verloor.

Gister was dit reeds 2 weke dat Boesman weg is. Ons kan niks ontrent hom uitvind nie. Hy is dus seker nou vir goed weg!

Maandag 2 Junie.

Eerste opinies oor

Terugkeer van L. en E.

Vandag het ons aan 'n paar vriende bekend gemaak dat Lulu en Estelle as maand D.V. terug gaan Afrika toe. Hul meen ook dat dit die beste is onder omstandighede. Die feit, dat dit nou ~~die~~ die tweede maal sal wees dat ons as huisgesin 'n lang en verre skeiding sal verduur terwille van die werk in hierdie Gemeente, en dat dit 'n besondere opoffering gaat wees, in sommige opsigte groter nog as in 1926, skyn by die vriende nog geheel op die agtergrond te staan. Of, miskien meen hulle dat hul ons weerkmoedig sal maak, as hul dit son noem!

prvaardige Buurman.

My buurman was sommer gereed om my aan te presenteer, dat die Kerkraad met spandeer van slegs 'n paar honderd poens sy werkswinkel vir my in 'n studeer- en 'n slaapkamer kan

1930.

Verander. Dan, sê hy, is ek sommer by die Kerk, en die motor huisie; en daar sal geen kinders wees om my te steur nie; en ek kan my ete neem in die Spaanse Hotelletjie oor die straat. Konsideraat genoeg! Daar

En tog wil ek self sal blykbaar genoeg aanbeëdinge wees, sedat ek nie sal kies, as dit kan. hoef rond te val vir 'n plekkie nie. Intussen, egter, sed ek maar, aangesien ek ongedwonge, uit eie vrye beweging, die Kerkraad van 'n groot finansiële las onthef, die vryheid neem om sonder enige invloed van buite my eie verblyfplekkie te kies en te soek, wat naar my oortuiging die beste vir myself, en tegelyk ook toeganklik genoeg vir die hele Gemeente is!

Dinsdag 3 Junie. Op pad terug van Manantial de Rosales vanmiddag moes ek Reparasië gespar-net buitekant die Dorp die spaarwiel aan die motor sit, in tel in die modder. die liedestike modder! Waartik, di's demoraliserend om in so 'n modder nes van 'n Dorp te moet woon. 'n Myl buitekant suid die Dorp (Comodoro Rivadavia) lyk dit sommer al skoner, & meer woonbaar selfs in die nat weer!

Donderdag 5 Junie. Dit reent vanaand hard en aanhoudend. Vanmiddag was Koot Eloff hier, (en vanore sy vrou,) om te groet. Hul vertrek nore S. Afrika.

Graswenaars-
planne.

D.V. vir goed na S. Afrika. Hr Thiens Visser en ek
het vanaand heelwat geselskap omtrent my verblyfplek hier
as Graswenaar vir so 'n lang tyd. Dit skyn asof
dit nie maklik sal gaan om 'n geskikte kamer te kry-
nie. Maar die Heer sal lei, en die tyd sal leer!

Vrydag 6 Junie.

Modderpappery.

Vandag is die strate 'n morsige modderpappery, soos Kluitjiesop,
tot op die sypraadjies. Dit het ook weer fluks ge-
scent. Min mense was vanaand in die Pinkster Biduus.

Stog begint die lug vanaand ooptrek; die maan skyn
helder. Nou sal die ysing wel weer begin. Ek
hoor dat die see so ru was vandag, dat die passa-
siers met moeite op die skip (Comodoro Rivadavia) ge-
bring is. Koot Eloff was sommet seesiek uit die
staanspoor uit. Die Kommissaris van die skip is
nou nog ~~aan~~ land, en dus kan die skip môre D.V.
eers vertrek.

Wensdag 11 Junie.

us van Huis —

gdevol en treurig.

'n Bieljie pos ontvang uit S. Afrika. Blykbaar lyk die Karó pragtig na die oor-
vloedige reëns — Gode dank. Die depressie word gevolglik daar nie so erg
gevoel nie. Maar wat 'n oud-Ouderling my skrywe omtrent die Kerkelike
en Geestelike toestand in Pearston maak my hart baie seer; en ek glo

1930.

wel, dat ~~Dr~~ Steyn dit ook diep sal voel. Di's te hope dat die Br. Onderling dalk 'n bietjie te pessimisties is, en dat daar welig meer ware lewe (geestetik) is as wat hy kan bespeur.

Geen Kerk wêns

"grondelose modder."

Sondag aand kon ons wêns die byna ondeurwaadbare modder geen Kerkdiens hou nie. Vanaand het dit net gly-gly gegaan om by die Biduut by te kom. Die modder kry nog nie 'n kans om reg droog te word nie, dan reent dit weer.

Sondag 15 Junie.

'n Kat hou nie van

motor ry nie.

Taamlke lekker dag. Net na middaget het ons drietjies 'n end gaan ry om log in die sonskyn te kom. Estelle het die kat (Kollie) ook saamgeneem; maar klaarblyklik was die motor rit vir Kollie glad geen plesier nie! Ek het vanore vir ou mev. Will Vorster met die motor gaan haal, ~~h~~ blokke hiervandaan, om haar Kerk toe te bring; en ek moes waarlik kettings aan die wiele sit, so dik en glibberig is die modder in sommige strate nou nog na verskeie dae van bykans droë weer. Sodra 'n mens uit Comodoro is, net om die punt van die berg, dan is die paaie en grond sommet veel droër en beter.

Mev. Vorster agteruit.

Ons woon waarlik in 'n ongesonde modder nes. Arne ou Mev. Vorster is heelwat agteruit; die siekte neem merkbaar toe; en daarby is sy geneig tot neerslagtigheid in 'n erge graad.

Gister het ons weer heelwat pos gekry — briewe altans.

Woensdag 18 Junie.

"Duur voorreg."

Koue winde begin waai. Lulu ly aan hees bors. Estelle hoës baie, viral 'snags. Baie lampolie word hierdie maand opgebrand om ons koue huis te probeer warm maak. Die prys aan gesondheid, gemak, en geld, wat moet betaal word vir die voorreg om in die koudste deel van die Dorp te woon, en van die son weggesteek, is 'n duur prys! En hier is geen simpatieke "Kaspe ^{Provinsiale} Administrasie" wat 'n "plaatselike toelaag" gee as kompensasie vir 'n ongerieflike woonplek nie! Nee — hier is dit teënwoordig 'n rariteit en 'n voorreg om

Afsterstallige Salaris.

na maandelange wagte weer iets van die afsterstallige salaris te ontvang. Vanmiddag kom Jan Marneweck (Jnr) van die verre Pampa Pelada. Sy Suster is ernstig siek aan Roos op hoof en lyf. Medisyne is broodnodig, en is duur. Geld het hulle nie. 'Sal Domine tog nie asseblief help nie?' Arme mense! Nou ja, salaris ontbreek; en dit lyk asof die arme Gemeentetjies nou ook nie meer kan nie. Maar ook nog met hierdie £3.10/- kan ons darem help.

Saterdag 22 Junie.

Koue en Ys, vdop.

Koue, deurs murg en been snydende weste winde is die orde van die dag, en ys die orde van die nag! Het ons al ooit so koud hier gehad? Miskien wel! Maar elke winter voel kouer as die vorige. Noptans had ons 'n taamlieke klompie mense in die K.O.V.

gisteraand, toe die meerderheid van die vergadering van opinie was, dat Afrika tog maar 'n Swartmans Land sal word! Ook had ons vandag meer mense in die dienste as wat 'n mens op so 'n dag sou verwag.

Klagtes!

Weer begint die volkies op die gesigseinder saampak! Die Kassier is in botsing met één Ouderling, en begint nou 'n tweede ook wantrou! 'n Gereformeerde Oupa kom klai dat sy N.G. kleinkind, wat inwoon by 'n Geref. Kerkraadslid, wat met 'n N.G. dame getroud is, geen godsdiensoonderrig kry nie, en ook in ander opsigte nie reg behandel word nie. Die Dominie moet probeer dinge regmaak. Genade en wysheid sal nodig wees.

Dinsdag 24 Junie. Vandag was Andries Visagie en ek na Voorspoed. Bitter koue weer; maar die reis was aangenaam, en ons besoekie daar was ook waarlik ge-

Gawe Diaken. notrol. Ek hoop Andries kry dit reg om a.s. jaar met sy huisgein terug te gaan na S. Afrika, bytyds vir sy Vader & Moeder oegoue bruijof. Gawe jong Broeder, en verlangend na 'n kragtiger geestelike lewe.

Woensdag 25 Junie. Verlede nag was die wind verskriklik sterk, met rukke en vaarte; en arme Lulu was weer baie senuweagtig — het byna niks geslaap nie, en had hoofpyn aaneen.

Rukwinde.

1930.

Donderdag 26 Junie. Onspitstappie ± 30 myl ~~and~~ suid langs die kus af vandag om die trop Seeleus (Robbe) en ook die Walvis Stasie te gaan besien was waarlik aangenaam, interessant, en

See Leeus.

allesins die moeite werd, ten spyte van die koue windjie wat heeldag gewaai het, en ten spyte van die afstotelike stank van die leplek van die eienaardige diere. Gelukkig het ons sowat 150 van hulle bymekaar gekry, waarvan die meerderheid nog op land was totdat ons 'n paar tree van hulle was, naby genoeg om 'n portret te neem. Toe was dit net 'n helter skelter, almal seetoe — lomp op land, maar rats in die water! En al die tyd maak hulle geluide kompleet soos skape wat bler, en kalwers wat bulk, buiten nog andere minder bekende geluide! Arme weerlose diere! hoe te die honderde gesaamtes van hul voorgeslagte op hope en in lang rye al langs die strand, as bewys van die verwoestende afmaaiende

Hulle bler en bulk!

Wrede Argentyners. hand van die mens! Toevallig was daar vandag ook saam met ons 'n Argentyners, wat te pèrd gekom het. Hy wys ons toe een jong See leeu wat hoog op 'n bult bokant die strand was; en dadelik ruk hy sy wrede lang slagtermes (Cuchillo) uit, en het ons nie gekeer nie, dan het hy

die arme Comp - sukkelende dier net vir die grap daar op moorddadige wyse doodgesteek, sonder dat hy iets ~~verdi~~ meer vir nut van hom kon hê as net die smaaklike bevoediging van sy eg Argentynse dors na bloedstorting, en liefs met 'n dolksteek of 'n pistoolskoot! Dit word ons verseker dat daar vroër duisende leus was; maar

Seevoëls as

ware vriende.

hulle is jammelik verminder! Dit skyn asof hulle enigste ware vriende die honderde mooi see voeltjies is, met rooi pootjies en rooi bekkies, wat so ewe mak by en tussen hulle sit op die strand.

Walvis Stasie.

By die Walvis Stasie was niks besonders te sien nie; maar ons vriendelike gids daar, Herr Kukoff, het ons 'n groot stuk walvis balein, en ook 'n part van 'n harpoen patroon gegee as 'n aandenking van die plek.

Beter plek vir

'n Dorp.

Net deuskant (Noord van...) die Stasie is 'n ruim oop vlakke, bedek met 'n dik laag watergruis (Piedragulli) en met gras begroei, wat bepaald 'n baie beter plek vir 'n dorp sou gewees het, as hierdie treurige moddergat waarin die armsalige Comodoro Rivadavia gelê en vasgekeer is! So is ons dan vanaand weer veilig thuis, en net

1930

Onbedagsaamheid. Lekker moeg na 'n baie aangename dag; en boenop het ons ook alles pluis gevind in ons huisie vanaand, ten spyte van my byna onvergeeflike nalatigheid deurdat ek skoon vergeet het om die voordeur vanore by ons vertrek toe te sluit!

Sondag 29 Junie. Ons het vanmiddag vir Herr Botcher gaan sien in die Hospitaal op Kilometer 3. Hy lyk beter, maar het nog geen gevoel in die beseerde been nie. Terwyl Lulu en ek vanaand in die Kerk was, het lieve

Flukse Kindjie. Klein Estelle (wat moes thuis by weens verkoue) die tafel gedek, brood gesny, tee water opgesit, in die kombuis heelwat skoon-gewas, en, kortom, net soos 'n regte huismoedertjie gesorg.

Og, sy was tog te groots op alles, en het dan ook waarlik ons pryse verdien.

"Prima Facie" Sterrekunde. Kort voor Kerk vanaand had Com Stoffel Myburgh (Cuterling) en ek 'n hele gesprekke oor Sterrekunde. Dit's nogal interessant om so 'n ou Broeder se "prima facie" idees (a la Dr D.R. Snyman) oor die maan en die sterre te hoor; dit getuig van taamliek noukeurige oorspronklike observasies, maar is natuurlik alle wetenskaplike begrip of waarde.

Dr Sonneveldt se vierde stuk teen Dr Luckhoff en my het skryf nog.

1930.

nou verskyn; di's nog meer kras as die vorige. Eenaardig is dit egter, dat hy tot sóver byna geen punt van belang in Dr. Luckhoff se Rapport (waarop hy kwansuis antwoord!) raak nie; di's meesal net 'n donderstorm en haelbui van woorde en sinspelinge en uitroepe oor sekere minderbeduidende houdinge van Dr. L. en my, met al die tyd 'n merkbare ontwyking van die waarlik belangrike punte. Immers hy het sy hele verweerskrif begin met 'n laakbare ontduiking van die hele grondoorzaak waarom Dr. Luckhoff ooit nodig had om tuisheen te kom en ondersoek naar die ware toestand in te stel!

Woensdag 2 Julie. Dit 2 jaar presies dat ons in Comodoro is. Hoe Roos, as ons na die werk kyk! Hoe lank, as ons aan die Vaderland dink! Twee wonderlike jare; en die Here het ons deurgehelp! Aan Hom alle eer! waarom Lulu en ek juis albei ramore onafhanklik van mekaar aan Lotie Meyers en sy vrou moes dink sal die tyd seker nog openbaar. Miskien Telepatie!!

Kapok. Gister was ons berg, en gedeelte van die Dorp grou-wit van 'n draë kapok.

Sondag 6 Julie. Besonder lekker dae had ons gister en vandag. Warm weer - heel buitengewoon vir 'n Patagoniese Julie. Betreklik stil ook.

Warm.

1930.

nou verskyn; di's nog meer kras as die vorige. Eienaardig is dit egter, dat hy tot sóver byna geen punt van belang in Dr. Luckhoff se Rapport (waaronter hy kwansuis antwoord!) raak nie; di's meesal net 'n donderstorm en haëlbuie van woorde en sinspelinge en uitroepe oor sekere minderbeduidende houdinge van Dr. L. en my, met al die tyd 'n merkbare ontwyking van die waarlik belangrike punte. Immers hy het sy hele verweerskrif begin met 'n laakbare ontduiking van die hele grondoorzaak waarom Dr. Luckhoff ooit nodig had om tuisheen te kom en ondersoek naar die ware toestand in te stel!

Woensdag 2 Julie. Dit 2 jaar presies dat ons in Comodoro is. Hoe Roit, as ons na die werk kyk! Hoe Lank, as ons aan die Vaderland dink! Twee wonderlike jare; en die Here het ons deurgehelp! Aan Hom alle eer! waarom Lulu en ek juis albei ramore onafhanklik van mekaar aan Lotie Meyer's en sy vrou moes dink sal die tyd seker nog openbaar. Miskien Telepatie!!

Kapok. Gister was ons berg, en gedeelte van die Dorp grou-uit van 'n draë kapok.

Sondag 6 Julie. Besonder lekker dae had ons gister en vandag. Warm weer - heel buitengewoon vir 'n Patagoniese Julie. Betreklik stil ook.

Warm.

9 Trek voorbereidings. Ons had vanaand 'n aangename visiete by die Conradi's. Lula vorder al fluks met die inpakking en sorteerderij vir die terugreis na Suid Afrika.

10 Britse Kruiser.

Die Britse Oorlogs Kruiser "Dragon" lê hier in die hawe, en sal hier bly tot na die groot Argentynse Vryheids Fees wat op 9 deser gevier word.

Maandag 7 Julie.

Kollekte Rit.

Andries Vrsagie en ek is vanaand uit na die Olie Area, tot op Manantial de Rosales om die paar families van ons Gemeente op te soek, en ook dat hy by hulle kan kollekteer. Die gewilligheid om te gee is daar; maar die krag van die beurse is blykbaar ook maar min in hierdie swaar tyd; ook had hulle veel siekte, en di's duur om hier siek te wees! By die van Heerdens lê daar 2 kindertjies ernstig siek.

Ons sien dat daar groot voorbereidings gemaak word op Kilometer 3 vir die Argentynse Fees.

Donderdag 10 Julie.

Gister was dit die groot herdenkings fees (die 114^{de}) van die eerste Parlementêre byeenkoms van die nuwe Argentynse Republiek.

Onthulling van

Argentynse Gedink-

steen.

Ons het die onthulling van die monument van hul groot Volksleier, Generaal José de San Martín, op Kilometer 3 (die Gowernements Olie Veld se hoofkwartier)

bygewoon. Die Voetstuk is 'n mooi lang stuk
versteende boomstomp van Patagonia. Daarop is 'n

Primitiewe Funksie. Brons borsbeeld van ~~de~~ San Martin. Hulle ont-
hullings funksies moet nog heelwat gepoets en gepoleer
word, voordat dit gelyk sal staan met dergelike funksies
van ander beskaafde Nasies. Om so 'n monument
te dek met 'n vuilerige bokseil, i.p.w. die nasionale vlag;
om dan vir Jan en Alleman met 'n leer op te stuur om
daardie seil ra en rukkend af te pluk van die Volks-
held se Brons heof, omdat daar geen behoortlike voorsiening
gemaak was om dit met 'n ligte trek van 'n tou van
onder af te ontbloot nie; om te versuim om die parade
spasie vir die matrose en soldate behoortlik af te kamp,
en dan die skare van toeskouers met behulp van berede
Polisie hot en haar te dryf en te druk — dit is te-
minste nog maar 'n baie primitiewe manier van doen!

Kompetisie tussen
Regimente.

Interessant was dit egter om die twee spanne in uniform
te sien marsjeer — die eskadron Engelse Matrose, van
die Kruiser "Dragon" vóóran, en die Argentynse Soldate
agterra — en ai! die wanklankige kompetisie tussen

die twee afdelings se Musiek Korpsse, wat gelyktydig twee heel aparte stukke militêre musiek speel, en volgens verskillende grondtoon ook. 'n Rare kompetisie, ja! Op die punt van Deftigheid het die Engelse gewen; op die van luidrugtigheid weer het die Argentyners die Rooies ver uitgestof. Toe die Assosiasie Voet-

bal wedstryd daarna plaasvind tussen die Argentynse en die Engelse Spanne, het hulle net gelyke punte behaal. Die mees opbeurende van alles vir ons egter

was gisteraand se luimige Konsert, gegee deur Engelse Matrose op Kilometer 8. Daar het ons ons lagspiere weer goed geoefen, en ewe ngeruimd het ons van môre om half één thuis gekom.

Vrydag 11 Julie. Dit reent weer van gister namiddag af. Weer is ons strate Reent. pure modder!

Sieklê M^{er} Vorster. Arme ou M^{er} Will Vorster is nou baie swak, en lê in die bed. Die Dokter het geen hoop vir haar nie. Ek het probeer om haar vanmiddag te help om die lig by die Heer te vind waarna sy ernstig soek.

milie lewe op gebreek. Dit is reeds 'n week sints Felix Smit weg is met sy 3

1930.

Kinders na Trelew waar sy Cueto en 'n paar Susters woon; en ons het nog geen tyding weer van hom gekry nie. Anna is nog hier, en wil glo hê die Polisie moet hom forseer om die kinders terug te bring na haar. Hoe dit ook sy, hul huislike lewe is tank al gebreek; en hierdie is maar één van die wrange vrugte, wat ons ~~het~~ woorpel het dat hulle sal moet pluk.

Sondag 13 Julie: Dit het verlede nag geys! erger as wat ons nog ooit hier gesien het.

Sneeu.

Die wit ~~skap~~ sneeukorreltjies het dwars deur die dag tot vanaand toe in sommige roekies ongesmelt gele.

Bekering & Geloofs- Gelukkigtoeg dat ou Mr Vorster kan getuig, dat sy nou volle lig ontvang versekering. het, en geloofversekering in Jesus. Sy bly maar nog baie swak, liggaamlik.

Dokter vasgekapok. Ons hoor, dat dit so erg gekapok het op die Pampa, dat Dr Montenegro, wat eergister van Malospina ^{weg is} (\pm 100 myl hiervandaan) nog nrens uitgekome het nie, en 'n motor, wat hom gaan soek het, kon hom ook nog nie kry nie, want die soek party kan feitlik nie die Pampa uitkom nie.

Dinsdag 15 Julie. Ons het vanmiddag 'n vlugtige besoekie afgele op Voorspoed, waar ou Mr

Interresante rit in & Mr Visser nog elk met 'n seer been sit. Die reis was wel voor- die kapok en ys. spoedig, maar koud! Di's net pure kapok en ys waar 'n mens kyk. In sonat van kapok het ons nog nooit gery nie! Di's

darein 'n pragtige gesig om al die berge en heuwels en vlei
so in blinkend wit gekleed te sien.

Sondag 20 Julie. Weer 'n keerpunt in ons lewe, want vanmore om
Vaarwel aan 10 uur het Lulu en Estelle, naar ons meen, vir
Comodoro goed die stof van Comodoro Rivadavia van hul
voete af geskud, toe ons daar weg is met die "José
Menendez". 'n Taamlke groepie vriende het ons kom
afsien op die strand. Stenie v.d. Walt is ook met ons,
daar sy nou naby Buenos Aires gaan woon. L. en ek
het weer ons dubbele doses van "Mottersill's Sea-sick
Remedy" in. Dit was egter byna nie nodig nie, daar
die ~~aan~~ vaart vandag besonder kalm is. Estelle kan
so 'n groot pil eenvoudig nie sluk nie, maar het dan
ook nog nie siek geword nie.

In Purgasie Poet's! Wat 'n floets het ons onseelf darein laat bak laas Donder-
dag aand. Ons kry 3 dosisse "Limonada Ruge" as 'n
maagskoormaker, ter voorbereiding vir die seereis. Op
advies van die kleskie van die Apteker neem ons dit
reeds die aand al in, iju. vroeg in die oggend. Wel,
die drawery het begin nog voor ons aan skap

kon val. Om 4 uur Vrydag oggend toe brand ons
persien stofies, om die huis in brettjie te verwarm,
en toe drink ons al "Ovamaltina" om die lee maag
in brettjie te troos! Teen 5 uur het ons darem weer
tot rus gekom. Maar Vrydag namiddag toe wou
die "Limonada" darem nog so in brettjie met ons!

Woensdag 23 Julie. Vandag was dit baie mistig, maar die vaart was redelik

Seesiek.

goed. Gister egter was baie van ons seesiek, arme Essie
inkluis, want die see was regte onstuimig, en die skip
het taamliek gesol.

Op Madryn.

Maandag had ons aangename weer op Madryn, waar ons
omtrent 5½ uur lank was. Ons het toe ook vir ou

Gedénasionaliseerde M^{nr} Stefanus Smit en sy vrou daar gaan opsoek. Dit

Afrikaners.

was vir hulle 'n groot verrassing; en op ons het dit 'n
vreemde, en ek wil ceslik erken 'n onaangename indruk
gemaak om twee sulke ou Afrikaners te hoor Spaans
praat met ons by die eerste ontmoeting. Hal het egter
jou deurgeslaan in Afrikaans, maar met 'n gedurige
instopping van Spaanse woorde en uitdrukkinge. Hal
praat bv. gedurig van "die water van die 'mar' (i.p.w. see).

1930.

Dit is al 21 jaar sints hulle weg is van Comodoro Riva-
davia, en nog nooit weer was hulle daar nie. Hul
is vroeër van Dordrecht, S. Afrika.

Goeie Tafelvriende Ons twee Engelse tafel geselle is 'n sekere Mrs
Mrs Williams, wat van Manantial de Rosales (Comodoro)
kom, en vir goed terugkeer na Engeland. Hul lyk baie
Opinie van Engelse fatesenlike mense. Hul vertel ons hoe die Engelse Offisiere
oor Argentynse Offisiere van die "Dragon" lag gekry het vir die Argentynse
Offisiere van die Soldatetramp by Comodoro, omdat
die Argentyners blykbaar so min weet van dissipline!
Hul sê, die Argent. Offisiere is wel lekker kerels;
maar hul weet b.v. nie hoe om hul swaarte te gebruik
of te hanteer nie — hul gebruik dit om klyppestjies
heen-en-weer te slaan, om papiestjies mee op te tel, om
klein jongetjies bang te maak, ens. Di's presies
wat ons ook opgemerk het. Dit is egte militêre deftig-
heid, dissipline, en indrukwekkende orde maak
glad-en-al !!

Hier is taamlik baie Engelsprekendes aan boord — ook
genoeg kinders vir Estelle om mee te speel; en hier heers
'n goeie gees van geselligheid.